



Wanneer is dit God se Hoogtyd?

Die Chinese Bamboesboom

- Die Chinese Bamboesboom, word vertel, se saadjie lê baie lank dormant. Vyf jaar weet jy nie van hom nie. Dit lyk meer soos dood as lewe. En dan, binne ses weke, skiet die loot op en groei die boom 25 meter hoog. Nou is die vraag: het dit ses weke gevat of vyf jaar? Die antwoord is natuurlik vyf jaar. Want in die tyd waar daar oënskynlik niks gebeur het nie, was daar 'n ryppword-proses, 'n gereedmaking – vol word voor dit kan oorloop.
- Heel filosofies, merk Victor Hugo op “there is nothing as powerful as an idea whose time has come”. Tydsberekening, noem ons dit. Iets wat voorheen nie gewerk het nie, kan nou werk, omdat die tyd daarvoor reg is en gekom het.

Die “Volheid van die Tyd”

- Ons sing hierdie frase veral in ons Kersliedere. “Hy, gebore in die volheid van die tyd.” Dit is 'n ryk frase in die Bybel. Die Griekse “pleroma tou chronou/kairou”. Jesus gebruik die frase “my tyd het nog nie gekom nie (is nog nie vervul nie)”, en “die tyd is vervul, die Koninkryk van God het naby gekom”. Paulus gebruik dit in Gal 4 om te verwys na die koms van Christus in ons wêreld. “In die volheid van die tyd, het God sy Seun gestuur.”
- Dan egter, pas hy dit toe op ons eie geestelike volwassenheid. In die konteks stel Paulus dit langs die beeld van die voog en die erfgenaam in 4:1–2, waar die kind onder toesig staan “tot op die tyd wat deur die vader bepaal is”. Volheid beteken

hier dat die vasgestelde termyn sy einde bereik.

- Die gedeelte beklemtoon dus dat die volheid van die tyd nie net beteken dat God se tyd die regte tyd is, en dat Hy op die regte tyd optree nie, maar dat God se handeling in ons lewens ons identiteit bepaal en kan verander – van slawe na kinders, van kinders na volwassenes.

Dis Hoogtyd

- “Daar is tyd, altyd te min. En dan is dar hoog tyd, wanneer die tyd ryp is en geen verdere uitstel meer moontlik is nie. Die beste tyd vir iets om te gebeur.” (Saartjie Botha, Woordfees-Direkteur).
- Ek het iewers gehoor ‘n groep vriende het ‘n Whatsapp groepie gehad met die naam “Dis Hoogtyd”, waarmee hulle na baie jare besluit het om weer bymekaar te kom. By die Woordfees! En dat dit dalk ook inspirasie vir die tema was.
- In die Nederlands en Duits is daar eintlik twee betekenisse aan die woorde “hoog tyd”. Dit is inderdaad die idee van ‘n dringende “dit moet nou gebeur, dit kan nie anders nie”. Iets “vier hoogty”, sê ons ook. Bedoelende dat iets in volle blom staan, hoogwater, die gety op sy hoogste punt. En dan is daar, interessant genoeg, die Duitse “Hochzeit”, wat die woord vir ‘n troue geword het. ‘n Fees van iets nuuts, van ‘n verbinteniss.

Hoogtyd waarvoor?

- Ons verhouding met tyd is nogal beperkend. Ons het kalenders op ons fone, om ons polse. As die wederkoms vir Donderdag 15:00 aangekondig word, sal iemand vra of hulle “online kan join” en of

die agenda al uitgestuur is. God se volheid van tyd is vir ons so groot, so wild, so onbeheerbaar, dat ons ons lewens daartoe wend om ons lewens in blokkies van halfure in te deel en dit self te probeer volmaak, naartstigtelik, met dinge wat ons hoop vir ons betekenis kan bring.

- Maar Paulus noem dit swak en minderwaardige elementêre beginsels. Die ABC van die wêreld in plaas van die digkuns van God. Die veiligheid van die voogde, eerder as die vryheid van die erfgenaam.
- Vers 9 is besonders: “noudat julle God leer ken het — of liever, nou dat julle deur God geken is”. Paulus begin by wat hulle weet, en dan korrigeer hy homself. Dit gaan nie oor wat jy weet nie. Dit gaan oor Wie jou ken. Ek hoef nie honderd persent seker te wees oor die toekoms nie. “Iemand” is honderd persent seker oor my. (En dit, terloops, is die boodskap ook wanneer ons in vanoggend se diens nie minder nie as sewe babatjies doop).
- Die Koor sing vanoggend Palestrina: “My siel dors na God! Wanneer, Here?” Die Bybel is vol heilige ongeduld. Maar daar is ‘n verskil. Angs sê dit hang van my af en ek gaan dit mis. Heilige ongeduld sê, ek weet God kom. God is lankal aan die werk. Ek wil net nie langer buite staan nie. Angs kyk na die kalender. Ongeduld kyk na die Vader.
- Hoogtyd waarvoor? Wel, in jou lewe dalk om iets af te stof wat lank op die agterrak bly lê het, maar waarvoor die tyd gekom het. Dalk vir die opneem van ‘n nuwe roepingstaak. Dalk vir meer wees, en minder doen. Maar in alles, meer wag vir God en afwagting van sy fees. Dis “Hochzeit”.